

★ ENKELE FEITE VAN ONS WERK IN NYASSALAND VANDAG ...	1
★ NEED FOR CHRISTIAN FELLOWSHIP GROUPS ...	1
★ REDAKSIONEEL/EDITORIAL ...	3
★ OORDENKING ...	3
★ INTERDENOMINATIONAL AFRICAN MINISTERS FEDERATION ...	3
★ SOLIDARITEIT ...	4
★ DIE RASSEVRAAGSTUK ...	6
★ BOOKREVIEW ...	8

Mr. George Reyneke *

Enkele feite van ons werk in Nyassaland vandag

Ek wil nie die woord „Sendingwerk” gebruik nie omdat dié woord 'n bybetekenis gekry het van „werk onder die heidene” en met heidene verstaan ons nie „onbekeerdes” nie, maar „swartes”, en miskien bewustelik of onbewustelik gebruik ons die woord neerhalend asof dit net blankes is wat bekeerdes is en swartes wat heidene is. Die feit bly dat ons in Nyassaland die woord „Sending” of „Mission” feitlik heeltemal in die ban moes doen om los te kom van die idee dat ons in sekere opsig beter is as die inboorlinge daar.

Vir die meeste van ons wêreld die woord „Sendeling” of „Sendingstasie” 'n beeld voor die gees waar ons die blanke met sy wit helm en kakiëre tussens 'n klomp swartes sien wat aandagtig na sy woorde luister of die mediese behandeling ontvang wat hy aan hulle verleen. Dit was in elk geval min of meer soos sendingwerk in die begin gedoen is. Die sendeling moes in alles die leiding neem, hy moes die „heidene” gaan opsoek, preek, dienste hou, later doopklas en uiteindelik lidmate uit wie sommige dan opgelei kan word as Evangeliste. Maar deurgaans bly die sendeling die hoof — die leier. Hy doen al die verantwoordelike werk. As daar 'n deputasie of afvaardiging na die Regering of wie ookal gestuur word dan is hy altyd die leier of voorganger.

Geleidelik het die sendingstasies ontwikkel, in meerdere of mindere mate niks anders as klein blanke nedersettings nie. Die sendelinge het gewoon in huise soos hulle gewoon was en min of meer dieselfde leefwyse gevolg as by hulle vorige tuisland. Vir die uitbreiding van die werk is later sekere Departemente in die lewe geroep. 'n Bouery-departement, skrynwerkerswinkel, landbou-departement, transport-departement, drukkerij ens. namate die werk groei en die behoefte ontstaan. Uiteindelik die normaalskool, kweekskool waar „Leiers” opgelei kan word — onderwysers en evangeliste of predikante wat self die werk verder kan voortsit. En dit is op hierdie stadium dat dié sendeling miskien vir die eerste keer ernstig daaraan dink: waarheen mik dit alles? Wat is die doel van dit alles? In sy onderbewussyn was dit van die begin af die gedagte. Die uitbreiding van Gods Koninkryk; bekering van die siele uit die heidendom. Maar dit kan tog nie net so aangaan nie. Die werk moet tog afgerond word.

Wat is die doel van ons werk?

En dit is hierdie stadium wat ons bereik gehad het 'n vyf of ses jaar gelede toe baie van ons vir die eerste keer in woorde probeer stel het wat die doel was van ons koms na Nyassaland. Ja,

ons werk, maar wat was die werklike doel agter alles? Dit was om 'n kerk daar te stig wat in alle opsigte selfstandig was — selfonderhoudend, selfregerend en self-uitbreiend. En by nader ondersoek het ons gevind dat ons tot 'n groot mate ons hele houding sou moes verander as ons in ons doel wou slaag. Dit is vir die ouer lekker om sy kind op te pas en te beskerm en groot te maak, maar die dag sal kom wanneer die kind nie meer wil voorgesê word

nie, maar sal wil maak soos hy wil. Daardie stadium het ons bereik, en nou lê die moeilike oorgangsperiode vir ons voor die deur. Dit gaan van ons baie opoffering en geduld verg. Veral geduld, want ons sal moet toesien dat minder bekwaame hande die werk doen wat ons gewoon was om te doen. Maar dit is goed om die dinge vooraf te weet en daarop voorberei te wees.

Ek herinner my baie goed die aand in Maartmaand 'n vier of vyf jaar gelede toe ons lank en ernstig oor die dinge gepraat het. Die nasionalisme was reeds aan die ontwaak, en dié wat die tekens van die tye waargeneem het het ons gewaarsku: nog uiters agt of tien jaar dan sal daar nie meer so iets soos 'n Mkhoma-Sending wees nie!

Oorskakeling: Geweldige aanpassing

Dit sou verkeerd wees om te sê dat dit toe was dat ons begin oorgee het aan die Inheemse Kerk. Dit was nie toe eers dat ons begin soek het na mense om op te lei om ons betrokke werksaamhede oor te neem nie. Maar dit was baie definitief 'n tweede stadium wat ons betree het — die ou sendingera is verby, en nou is dit dié oorgawe-periode. Eers geleidelik, maar toe kom die onluste, en feitlik oornag bevind ons ons in tydperk van geweldige veranderinge en ontwikkelinge. Nuwe aanpassings moes gemaak word, maar eintlik veel meer nog. Elkeen moes 'n hele sins-verandering ondergaan, 'n nuwe uitkyk op die werk kry,

van voor af hom weer toewy aan sy taak. Ek herinner my baie goed die besprekings wat ons gehad het oor selfstandige vordering van dié Inheemse Kerk. Lank en breedvoerig is uitgewy oor die vraag of dié nuwe kerk 'n dogter-kerk is of nie. Moet die Sending gesien word as dié „moeder” van die jong kerk, of was die Sending net dié „struktuur” wat daar opgestel is en waarin die nuwe gebou moes verrys? Is dit soos 'n hoender wat 'n eier gelê het en nou moet dié eier weer 'n hoender word, of hoe moet dit gesien word? Nouja, vir my as leek was baie van hierdie besprekings nie altyd verstaanbaar nie, maar ek het darem gevoel dié „struktuur begrip” is die regte. Die jong kerk is daar, en nou moet dié stellings verwyder word. Dit lei nou natuurlik na baie ander vrae — hoe moet dié departemente gesien word: was hulle departemente van die N.G. Kerk? Word hulle nou departemente van dié nuwe kerk? 'n Kerk met 'n transport-departement is mos eintlik verkeerd. Of moet dié departemente eers doodgemaak word? Hoe? Wat sal die natuurlike daarvan sê dat ons eers vernietig voor ons oorgee sal dit nie lyk of ons hulle nie vertrou nie? Ek dink die meeste van ons het gevoel soos kinders wat in die donker loop — voelvoel, met die hande uitgestrek. Ons het baie meer bymekaar gekom vir gebed. Ons het dr. J. M. Cronjé se verhandeling oor die „Selfstandigwording van die Inheemse Kerk” bestudeer, en opgelees van hoe dit gegaan het in Indonesië en op ander plekke waar dié werk

Vervolg bladsy 2

Rev. Cyril Wilkins *

Need for Christian Fellowship Groups Call by Methodist Church Leader

Quite obviously, it would not be possible for any organization to exist in these days without problems, and the Church of Christ is no exception to this. Nevertheless, as I have moved around among our various societies I have been deeply impressed and greatly encouraged by the continuing loyalty of our people, their zeal for the service of God, their love for Christ's Church and their willingness to give themselves in the service of His Kingdom.

There is, of course, not the slightest room for complacency: Far too many areas of life yet seem untouched by the redeeming influence of the Gospel and far too many folk are deaf or unresponsive to the offer of that Gospel which has been committed to us. These facts are much too challenging and disturbing for any sense of complacent satisfaction, yet in spite of them we can still rejoice in the obvious and manifold works of God in and through the life of our beloved Church.

This is not the time, neither have I the ability to engage in anything like an analysis of the national or international scene, yet it does seem right to make comment on some of the circumstances in which we are called to bear our witness, because it may well be that within those circumstances we shall hear again the call of God.

Outcome of present legislation

The pattern of legislation designed to bolster up the granite structure of apartheid has continued to run its course. We are deeply disturbed by the fact that those responsible for such legislation apparently find it difficult to grant that opposition to their ideas may be motivated by standard and principles at least as high as those they claim for themselves. We are not less disturbed by the fact that, the claim for a moral basis for this ideology notwithstanding, the outworking of it seems all too often to result in a total disregard for human personality: Family life is disrupted, husband and wife, parent and children forced into separation, whole groups of people uprooted, possibly with the best intentions in the world, yet treated in the process as though they were “things” not persons. Neither can we

be anything but disturbed by the introduction of legislation which appears to negate what we have understood to be fundamental to the rule of law, i.e. free access to the courts of the land and open trial for all.

There is a small crumb of comfort to be gained from the fact that those who have supported such legislation because they believe a critical situation demands it, have expressed their own distaste for it, but we cannot believe that finally the interests of law and justice can be served by what appears to be a denial of some of its basic tenets.

Shocks on morality

The second circumstance in which we must work has been revealed by those miserably tragic events which rocked a government and which still

EENKELE FEITE

oorgegee is, want ons het gevoel ons betree 'n nuwe tydperk, iets unieks in die geskiedenis van ons kerk, en ons het nie „geskiedenis” om op terug te val nie; dit is 'n nuwe weg wat ons moet baan.

In 'n sekere sin was dié drie of vier jaar wat gevolg het, d.w.s. tot vandag, in bepaalde rigtings gestuur deur dié geweldige politieke ontwikkelinge, maar ek glo dat die Here dié dinge toegelaat het juis op daardie tyd, om ons te dwing om te doen wat ons 'n bietjie traag was om te doen — dié verantwoordelikheid oor te dra aan die naturelle! Ons was ver agter met die opleiding van naturelle-leiers — wie kon hoof van die Normalskool wees anders as 'n blanke? Wie kon bestuurder van die Boekwinkel en Uitgewery wees anders as 'n blanke? Wie kon tesoerier wees anders as 'n blanke? Maar skielik kom ons tot die besef. Dit moet! Dus pak ons die taak aan met erns.

Voorbeelde van nuwe situasie

Miskien sal 'n paar voorbeelde die beste dien om te illustreer die soort van omstandighede wat ontstaan het en waarin ons ons bevind het. Ek noem vir u net vyf persone en sekere insidente wat aan hulle gekoppel is wat mens 'n idee sal gee van hoe dinge ontwikkel het tot waar hulle vandag is.

1. **Mnr. Kacaje.** Hy was 'n onderwyser en later Distriks-opvoedkundige sekretaris van die Suidelike skole, nie baie ver geleerd nie, maar een van die wat 'n beurs gekry het om oorsee te gaan vir drie maande. Enkeles van ons het vir hom 'n paar pond in die hand gestop maar vir baie van ons was dit 'n verligting dat hy gaan want hy is 'n baie uitgesproke man en soms 'n bietjie moeilik om mee oor die weg te kom. Net voor hy sou terugkom verneem ons dat hy vir drie maande langer bly, en ook voornemens is om na Keswick te gaan tydens hulle konferensies daar. Ons het baie vir Kacaje gebid, veral dat hy waarlik tot bekering mag kom.

Nou na sy terugkoms op Mkhoma nooi ons hom om ons Woensdagaandbidure toe te spreek. Gewoonlik was dit net blankes want die gemeentelike biduur is altyd Woensdagoggende. Vir byna 'n uur lank het Kacaje ons vertel van al sy wedervaringe en gewaarwordinge, en van die seën wat hy op Keswick ontvang het. Ek dink elkeen van ons het toe reeds in sy hart dankie gesê dat Kacaje so 'n verandering ondergaan het, en dat hy, soos hy dit uitgedruk het, vir die eerste keer tot 'n besef gekom het van wat bekering waarlik is. Maar toe sluit hy af met 'n paar uitlatings wat ons dadelik laat wonder het of daar nie nog maar baie van die ou Kacaje agtergebly het nie. Hy sê toe hy wil vir ons sê dat vir sewentig jaar het die Sending sy tyd gemors. Watter leiers het hulle al opgelei? Wie is vandag Moderator van die kerk? 'n Man met Std. 6 wat maar net sê ja, ja of nee, nee, soos die Sending vir hom sê om te sê. Die tyd het aangebreek dat die Sending sy taak moes ken, en leiers moes oplei wat dié werk kon voortsit. Ek dink die meeste van ons was so ontsteld dat ons nie eintlik die dubbele waarheid in sy woorde opgemerk het nie — eerstens dat ons werklik nog eintlik niemand opgelei het as leiers na ons nie, en tweedens, dat hy feitlik die enigste een is wat die vrymoedigheid het om dit vir ons te sê!

Dié waarheid het ons eers later besef, en ons moes tot die ontdekking kom dat dit moeilik gegaan het om enige kritiek van 'n swartman te kon verdra! Nou ja, gelukkig werk die Here nog tenspyte van ons foute. Kacaje het later tydens die besoek van lede van die Kenia Revival Team, onder baie ernstige indrukke gekom, en daarna is sy getuienis werklik van die Oorwinnende Lewe. Hy is later deur Dr. Banda benoem as Malawikandidaat vir Lilongwe-Suid, en is nou 'n baie sterk skakel tussen die kerk en die Regering. Hy word as 'n vriend in ons huis ontvang en was een van dié wat by my bed kom bid het toe ek daar so ernstig siek in my kamer gelê het.

2. **Mnr. Mnthambala:** Sy vader is die koster op Mkhoma, en hy was een van ons knapste studente, en is later met 'n beurs oorsee waar hy sy B. Comm.-graad behaal het, en toe in Amerika sy M.Comm.-graad. Hy is fyn beskaafd, en die enigste pos wat ons hom kon aanbied was op Kongwe waar hy 'n huis sou hê wat by sy status en salaris (nagenoeg R120 per maand) pas. Met die vertrek van John Lembo, die vise-prinsipaal, neem hy sy pos oor. Daar word egter al meer en meer druk op ons (Ons in hierdie geval nie die blankes, of die Sending, of die ou Raad nie, maar die nuwe Algemene Administrasie Kommissie van die Suide) uitgeoefen om vir Mnthambala prinsipaal van Kongwe te maak.

Dit het nou onlangs gebeur toe hy prinsipaal geword het met dr. Johan Louw vise-prinsipaal, en ons bid baie ernstig dat God hom die nodige wysheid en verligting van sy Gees sal skenk.

3. **Eerw. K. Mgawi:** Hy is een van die mees belowendste van die predikante en 'n man wat waarlik tot 'n oortuiging van sonde gekom het. Sy lewe is vir almal 'n getuienis. Hy is deur die Sinode benoem as Jeugleier en met sy Volkswagen moet hy baie myle aflê om sy werk te doen. Toe is hy as Skriba op die Moderatuur gekies met al die ekstra werk wat dit meebring. Met die totstandkoming van die Algemene Administrasie Kommissie twee jaar gelede is hy feitlik eenparig gekies as Voorsitter (voorheen was ds. Hugo voorsitter van die Raad). Hy het die bekwaamheid en die toewyding, maar dié werk is vir hom net eenvoudig te veel. Die gedagte is dat hy miskien saakgelastigde van die kerk sal word. d.w.s. tesoerier en dat ek dan net rekenmeester sal wees, maar mens voel dat hoewel hy miskien die bekwaamste is, dit vir hom menslik onmoontlik is om al dié werk te doen. Hy woon nou in die pastorie van ds. Hugo en almal wat 'n probleem het, hetsy 'n gewonde oor, of bome kap of reparasies of onderwysmoelikhede of Sinodale sake dié gaan na hom toe. Hy kry maar 'n salaris van sowat R26 p. m. en daarmee moet hy 'n huishouding waarneem net soos enige van ons blankes.

4. **Eerw. Mwale:** Hy is Moderator van die Sinode, en, soos reeds aangedui, het hy maar standard 6 skoolopleiding gehad en vier jaar in die Kweekskool op Mkhoma. Watter geweldige eise aan so 'n man terwyl daar, in die Sinode honderde onderwysers met standard agt of tien of self gegradeerdes sit! Dan kom daar 'n saak soos politieke vergaderinge op Sondae — ons voel die Sinode moet hom uitspreek daaroor. Maar as die Moderator dit sou doen dan sal gesê word of hy is teen die Malawi of hy is 'n „stooge” van die blanke sendeling! En geen groter uitskelwoord is daar as om hom as 'n „stooge” te bestempel nie.

5. **Mnr. Mtemangombe:** Ek noem nog net vir hom want hy is die man wat deur die Algemene Administrasie Kommissie op my aanbeveling aangestel is as assistent-tesourier. Hy was destyds as studente-leier die leier van die staking in die Normalskool op Mkhoma en is één van dié wat nie toegelaat is om terug te kom nie. Hy het toe as kassier in die Lilongwe District Council gaan werk. Ek was nog altyd baie goed bevriend met hom vandat hy voorheen as klerk in my kantoor gewerk het en ons ook saam belang gestel het in fotografie. Toe ek in Aprilmaand so skielik siek word moes ek besluit: Gaan ek die brandkas-sleutels aan een van die blankes gee, of aan Mtemangombe! Nou ja, ons het al ver gevorder sedert drie jaar gelede, en ná raadpleging met ander is die sleutel aan Mtemangombe oorhandig. Die geld in die brandkas was nie getel nie, maar daar was sowat R2600. Die einde van die maand se uitbetalings moes gedoen word. Weer is ons gedwing om iets te doen, maar ons kan die Here dank dat hy ons so wonderlik onderneem het selfs daar waar ons nie wou gaan nie.

Ek wil afsluit met 'n paar woorde oor die dinge soos ons dit vandag ondervind. Ek sal nie verder redes aan-

voer waarom ons dit so doen nie — u sal besef wat ons in die afgelope paar jare geleer het en hoedat ons ons probeer aanpas in die omstandighede soos ons hulle sien en waarin ons leef.

Die verhoudinge tussen blank en nie-blank is vir ons 'n daaglikse probleem. Van albei kante eis dit veel aanpassing. Enige omstandigheid waar dit enigszins lyk of die blanke 'n meerwaardige posisie as die naturel beklee word onmiddellik met die grootste agterdog en kritiek bejeën. Enige vergadering waar slegs blankes teenwoordig is moet eers verduidelik word en feitlik goedkeuring daarvoor verkry word.

Oor die politieke situasie moet ons in ons uitsprake baie versigtig wees. Iemand het eendag in 'n gebed gebid vir dié wat op Sondae hulle vergaderinge hou dat hulle die dag van die Here mag heilig en vandag nog word vas geglo hy is teen die Malawai.

Onlangs het 'n afvaardiging van die Sinode Dr. Banda gaan sien om te praat oor ondersteuning van onderwys en mediese werk en ander sake. Die verslag meen ek sal nog in die Kerkbode verskyn. Maar dr. Banda is die kerk baie goed gesind, en het ook gesê hy weet die blanke sendelinge het

hierheen gekom om vir sy mense te help. Maar hy wil net waarsku: hulle moet niks doen wat die regering kan skade doen nie, en hulle moet nie „make-believe” nie. Hy het voorbeelde genoem wat 'n mens dadelik gewys het hoe verbasend goed ingelig hy is. Elke daad of handelwyse word op 'n sekere manier geïnterpreteer. Die afleidings word gemaak. En al die opbouwerk wat ons doen, en al die samewerking wat ons bied, kan in een oomblik vernietig word as hy verwys na ons kerk wat dit nie met hulle eens is nie omdat ons dit of dat doen of dit of dat gesê het. Ek dink dan bv. aan die All-Africa Konferensie te Kampala, en watter geweldige skade dit ons kan aandoen as daar net na verwys word dat ons kerk nie wil saamwerk nie.

Ek sluit af met die vraag: Waar staan ek vandag? Wat is my taak? Ek wil u graag verwys na die stuk van ds. Attie Labuschagne in die Augustus-uitgawe van die Voorligter. Elke woord wil ek beaam en onderstreep. Vryheid en Eenheid in Christus! Dit is 'n groot uitdaging vir elke Christen, en miskien veral vir elke Suid-Afrikaner.

Dit eis algehele toewyding en algehele sinsverandering.

Cont. from page 1

Christian Fellowship

are running their sordid course. It is greatly encouraging that such news as this was greeted by a great wave of revulsion which found expression significantly enough in the pages of the press, and the profound shock of which this revulsion was in part an expression, is evidence of a great company of folk who expect high standards of morality to be maintained. Yet there was, also, that other reaction which asked with an alarming cynicism what all the fuss was about, suggesting that deplorably low standards of morality find all too ready acceptance among far too many people in far too many places. This we know, that whilst it may well be true that nuclear war would spell the destruction of the world as we know it, to throw to the winds standards of decency and purity, honour and integrity will not less surely destroy us, and whilst the process may be more slow it will in no way be less devastating.

Technological revolution

Thirdly, I am persuaded that we need to take cognizance of the fact that, in addition to the ideological and moral circumstances of our time, we are in the midst of a revolution which we are told will be more far-reaching in its effects than that of the Industrial Revolution. I refer to the quite astounding technological developments which are already affecting both Industry and Commerce, and which may well have effects far beyond the economic. This too, may well resolve itself into a question of human personality in which the Church will be directly involved.

Urge toward Unity

The last circumstance which I mention is much more directly concerned with the Church as an organism. Throughout the world there is a very strong movement towards unity, indeed in many places towards organic union. Later in this Synod, for example, we shall hearing some report of the All Africa Church Conference held recently in Kampala. Those who are in any way involved in this movement are persuaded that it is inspired by the Spirit of God Himself that His Church may more effectively bear witness in this critical day. Certainly we cannot remain compla-

cent with things as they are, particularly when we learn that in South Africa there are no less than 2,600 so called Christian sects working among the peoples of this land.

These then, are some of the circumstances in which we must work and in which, perchance, the call of God may be heard, especially as we remember that He raised up Methodism to spread scriptural holiness throughout the land.

Insofar as the ideological situation is concerned, we make the point that the deepest expression of our love for our Country and loyalty to it will be shown when we give our first loyalty to Christ and our supreme obedience to His own word to "Seek first the Kingdom of God and His righteousness".

Further, we must say that however granite-like human ideologies may be, and however long they may last, if they be not informed by the spirit and truth revealed in Christ, then they are bound to fail. This is said in no spirit of arrogance, but out of a deep love and concern for our land and her peoples. We are persuaded that all who name the Name of Christ will accept it as fundamental.

Breakdown of personal relationships

As a Church, however, we must speak in life as well as in words. If under present circumstances the value and worth of human personality is called in question, then surely this is a call to the Church deliberately to affirm man's worth as revealed in Christ. Is there not a clue to this in that other Methodist emphasis on fellowship. Mr Justice Snyman has claimed that whatever the legislation on our statute book may be, and whether it be good or bad, the major failing with which we are faced is that of complete ignorance of each other and an almost entire breakdown of personal relationships between us.

Could not our Leaders' Meetings consider the possibility of developing small fellowship groups, or using existing groups to which could be invited from time to time representatives of the other sections of our Church, not constantly to talk about race, but simply to meet each other as Christians and to seek to build each other up in our faith.

Cont. on page 7

PRO VERITATE

Oordenking

Vryheid en Verantwoordelikheid

DIE KERK EN KOMMUNISME.

Die ontwikkelinge in Afrika oor die afgelope dekade het baie duidelik aan die lig gebring die opset van die kommunisme om greep op die groot vasteland te verkry en sy ideologie te laat wortel skiet en voortwoeker. Daarom is ons dankbaar dat juis vanuit kerklike kringe ernstige roepstemme opgaan om 'n verantwoorde getuie en aksie daar te stel. Langs watter weë is dit moontlik?

Voor alles is nodig juiste en volledige kennis van die aard van die kommunisme veral wat sy religieus-etiese opset betref. Om dit te kan doen moet hierdie ideologie egter in sy wyds moontlike perspektief gesien en benader word omdat anders so maklik 'n skewe beeld van hierdie gevaarlike sisteem opgebou kan word.

By die kennis moet verder kom die bekendstelling van die kommunisme in sy werkmethode en praktyk sodat 'n suiwere waardebeoordeling van sy bedreiging sowel as sy beperkinge kan ontstaan. Daardeur vermy ons die uiterste van óf die bese mag van hierdie godlose materialistiese aardse religie te onderskat óf om daaraan 'n invloed en krag toe te dig wat dit inherent nie besit en nooit kan verkry nie. Juis daarom is dit so noodsaaklik dat vanuit die Skrif die grondbeginsels van die kommunisme leer ken en ontmasker word veral wat sy aanslag op die kerk en die Christendom betref. Daarom sou ons so graag wou sien dat 'n aantal Evangeliedienaars uit al ons verskillende rassegroepe deur studiebeurse vanuit Suid-Afrika instaat gestel kan word om eerstehandse kennis ter plaatse te gaan opdoen in bv. 'n stad soos Berlyn van hierdie ateïstiese staatstelsel en die vernietigende uitwerking daarvan op die lewe van die mens.

Hierby kom egter ook die dringende noodsaaklikheid van 'n duidelike begrip van die ongunstige faktore in enige samelewing wat onbewus in die kraal van die kommuniste speel. Want in sy wese is die kommunisme 'n parasitiese plant wat teer op wan-toestande soos armoede, ondervoeding, ongenoegsame lone en lae lewenstandaarde, gebrekkige opvoeding en sedelike ontbinding. Een van die mees doeltreffende bestrydingsmiddels is dus die verwydering van hierdie en ander dergelyke situasies wat deur die kommuniste aangegryp en uitgebuit word vir hulle eie bese doeleindes.

Hiermee het ons egter nog nie by die kern van die saak gekom nie: die noodsaaklikheid van opnuut duidelik te laat spreek die wete dat alleen die vernuwende krag van die Evangelie ander mense en 'n ander maatskappy kan skep waarin geregtigheid, onderlinge diensbaarheid, eerlikheid en reinheid die grondstene sal wees van die menslike lewe. Maar dan sal ons as Christene eers weer erns moet maak met die mens in sy totale nood en dié nood so ons eie maak dat die mens van ons dag Christus deur ons optrede leer ken en aanvaar as Here en Heiland.

Editorial.

DEVELOPMENT OF AFRICAN CHRISTIAN LEADERSHIP.

Any society which wishes to make a lasting contribution to the welfare of mankind needs leaders to attain these objectives. Every responsible person who is sincerely interested in the development of our country realizes the need for a much larger number of leaders in all spheres of life. This includes whites as well as non-whites — and we are grateful for the many facilities especially in the administrative, social, educational and medical fields offered by the government to our non-white population. The positive reaction of young Africans, Coloureds and Asians is ample proof of their willingness as well as their ability to accept and utilize these opportunities.

Christian organizations and individuals should realize, however, that it is of vital importance for the cause of Christ and the furtherance of His Kingdom that leadership training of all developing nations and groups should be inspired and assisted by Christians as proof of their belief that the whole of man's life must be placed under the guidance of God. We should also realize that the proclamation of the Gospel as Good News includes the training of young Christians from all racial and cultural groups to realize their God-given calling in all spheres of human life: theology, education, politics, economy, social and administrative work, commerce, industry and all forms of manual labour. Whether our society eventually becomes a fully separated or an integrated one, the fact is that more leaders from the ranks of our non-white population are urgently required — and the people who should take the lead in training such men and women and in moulding their outlook upon life should be Christians. We require scores of dedicated and well-trained Christians who are prepared to give their time and talent to form and train such leaders. By such action we are serving Christ just as truly as by our worship and prayers.

„En die Woord het vlees geword...“ (Joh. 1:14)

„Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie.“ (1 Kor. 10:23)

Met die vleeswording van die Woord is hierdie wêreld geheilig omdat dit die voorwerp van Gods liefde geword het. Nou is die heilige nie meer die spesiale, die afgesonderde, die ander-wêreldse nie. Die Woord het vlees geword en die voorhangsel van die tempel het geskeur en so die skeiding tussen die heilige en die profane, die godsdienstige en die sekulêre, die Christelike en die wêreldse uitgewis. Hierdie wêreld is heilig omdat God hierdie wêreld liefhet soos hy is. En daarom is alles geoorloof.

Ons moet nie te gou oorgaan na die tweede gedeelte van hierdie woorde van Paulus nie, nie die „alles“ te gou be- maar nie! Want die alles is alles-omvattend, alles-veroorlowend. En eers as ons hierdie „alles“ in sy wydte en diepte ervaar het, die hele wêreld in sy grootheid en ellende, sy hoogtes en sy vieslike dieptes deur hierdie „alles“ ontdek, kan ons aangaan... maar nie alles is nuttig nie.

Dan eers kan ons hierdie „maar“ reg verstaan. Want hier het iets gebeur, iets wat ons ernstig moet opneem. Die wêreld is geheilig. Nou is dit wat tot hierdie wêreld behoort nie meer „sondig“ nie, maar heilig. Die liggaam en als wat daarmee saamhang, die seksuele, die liggaamlike vreugde en ervarings, ja, die hele wêreld wat deur die moontlikhede van die lig-

gaam ontsluit word — alles is heilig. In die Vleeswording van die Woord skenk God opnuut deur hierdie „alles“ aan ons die wêreld, hierdie wêreld in sy volheid.

Daarom is die vreugde van Christus se menswording nie 'n mistieke siels-ervaring nie, maar 'n liggaamlike belewenis. In en deur die gebeure skenk God aan ons ons liggame!

„Maar nie alles is nuttig nie.“

Dit beteken dat hierdie wêreld deur hierdie gawe nou ons verantwoordelikheid geword het, en ons kan dit misbruik. Want hierdie gawe is nie sonder sy eise nie. Maar die vraag is nie meer die be-angste, vreugdelose vraag: „Is dit sonde?“ nie, maar die sekulêre, praktiese vraag: „Is dit nuttig?“ Die beantwoording van hierdie vraag vereis nadenke, navorsing, beslissing. Maar dit is ons wat moet dink en besluit. Want hierdie vraag kan nie maklik, eenmalig beantwoord word vir alle tye nie. Elke keer wat dit gestel word vereis opnuut nadenke, insig en verantwoordelike besluite. En altyd is daar die moontlikheid van fouteer — maar die Kruis beteken dat ons fouteer onder die belofte van die vergifnis.

En volgens watter beginsel moet ons besluit of iets nuttig is? Daar is geen alles-beantwoordende beginsel nie. Alleen maar: verantwoordelikheid vir die wêreld, en verantwoordelikheid vir die naaste. Want „die aarde behoort aan die Here“, en „jy moet jou naaste liefhê soos jouself“.

J.R.K.

Interdenominational African Ministers Federation

What it is, what it has achieved, what its aims

BY REV. Z. R. MAHABANE, EX-PRESIDENT.

The International African Ministers' Federation (IDAMF) is an Association of African Ministers of Religion of all Denominations of the Christian Religion, the one Religious system that has, to a certain extent, established itself as the Religion of African Territories South of the Sahara, and more particularly of South Africa.

Its aims and objects are set forth in its Constitution as, (a) Promotion of the spirit of Fellowship and Goodwill among African Ministers of Religion, and thus create the creation of an atmosphere of mutual confidence and respect.

(b) Co-ordination of all the African forces with a view to more affective propagation of the Gospel among the African people etc.

It should be mentioned that one of its objects is that it stands for Racial Toleration.

IDAMF, is made up of Provincial Organisations and/or Fraternal in the four Provinces of the Republic of S.A. It has six such Provincial Associations or Fraternal in the Cape Province, including the Transkei, one in Natal, "The Garden Colony, one in the O.F.S., "The Centre Province", One in the Transvaal, "the Industrial Hub" of the Republic, and the strongest numerically and financially.

IDAMF, is the African

Counter part of the Christian Council of S.A. with which IDAMF is affiliated, while the Christian Council is affiliated to the World Council of Churches, which is the embodiment of the Ecumenical Movement of the present age.

IDAMF seeks to establish contact with the Christian Churches operating in the Central Territories of the Continent of Africa, which have sponsored the formation of what is known as "The All Africa Church Conference", with Head Quarters at Kitwe in Northern Rhodesia, and whose General Secretary is Dr. Donald, L. Mthimkulu, M. A. Ph., D. formerly a Lecturer at the Fort Hare University College.

In pursuance of its Aims and Objects,

1. IDAMF has made a study (not from a scientific approach) of the Religion founded by Jesus Christ. Of the great Religions of the world, Buddhism, Confucianism, Hin-

duism, Islam etc. which are contending for the Soul of Africa, Christianity as reflected in the Resolution of the Kimberley Conference of IDAMF, of August 1958, has to a certain extent established itself as the Religion of African Territories South of the Sahara.

2. As a natural consequence to this conclusion, IDAMF, at its Conference held at Vereeniging in August 1959, resolved to call upon all Christian Churches of South Africa to launch a drive for Evangelisation or Christianisation of Africa South of the Sahara.

3. Solicitous, as Guardian of the Religious Liberties, the Civil Liberties, Religious Tolerance, the principles of Freedom of Worship, all of which have been guaranteed to all believers after the great Religious Wars of the first century of the great Christian Era, IDAMF, took up the cudgels on behalf of the Non-Recognised Churches of the land, the Freedom of which was threatened by the issue of Government Circular No. 540/313(1) of 3rd September, 1954 which was repeated in February, 1959.

Cont. on page 7

SOLIDARITEIT

Dr. J. J. Degenaar *

Deel 2

OPDRAG AAN DIE MODERNE MENS

Konsep van vryheid

Tweedens wys ek op die konsep van vryheid. Vryheid dui hier op die gesteldheid van die mens wat nie deur iemand anders nie, maar deur homself beheer wil word. Reeds implisiet in 'n internasionale denkwys is daar 'n respek vir die vryheid van individue en volkere. Die stryd van Europa was en is die stryd om vryheid. Europa verteenwoordig kolonialisasie en vrymaking. Europa behoort geensins ongelukkig te voel omdat die verskillende Europese kolonies in opstand gekom het teen kolonialisasie nie. Hierdie opstand teen kolonialisasie dui daarop dat een van die belangrikste waardes wat deur Europa verteenwoordig word, n.l. vryheid, werklik wortel geskiet het. In hierdie sin kan ons beweer dat die anti-Europese stryd 'n triomf vir Europa is.

Die gebruik van die begrip „stryd” i.v.m. die vryheidsbegrip is nie toevallig nie. Vryheid of self-beheer impliseer 'n stryd. Daar is dus nie so iets soos 'n klaargemaakte of vanselfsprekende vryheid nie. Klaargemaakte vryheid sou geen gekose vryheid wees nie en sou daardeur sy betekenis verloor. Vryheid bestaan daar waar die mens dit bewustelik kies en gedurig bewaar. Die Europese tradisie bied dan ook geen klaargemaakte vryheid aan die wêreld nie. Die Europese leefwyse waarborg ook geen vryheid nie. Mens en volk moet stry om hulle vryheid.

Die Europese tradisie wys daarop dat die vryheidsbewussyn 'n lang tradisie het en dat sowel Griekse filosofe as Joodse profete 'n belangrike bydrae gelewer het, maar nie sonder stryd en verwerping van tradisionele ordes nie. Die Middeleeue ken vryheid binne die vooropgestelde raamwerk van kerk en staat. Eers die moderne denke vanaf die Renaissance skep die moontlikheid van vryheid en selfstandigheid, nie as gegewe binne 'n vooropgestelde struktuur van orde nie, maar vryheid self as beginsel van orde. Hierdie Europese insig moet dan ook, m.i., baie sterk gestel word teenoor die kommunistiese konsep van 'n ideologies-beplande maatskappy. Teenoor die vryheid wat die resultaat sou wees van 'n ideologiese ordening kan ons stel die orde wat die resultaat is van vryheid. Op hierdie wyse ontstaan 'n pluralistiese gemeenskap i.p.v. 'n ideologies-monistiese maatskappy. Hierdie pluralistiese gemeenskap, nasionaal en internasionaal, berus op 'n vryheidskonsep met 'n lang Europese tradisie. Hierdie vryheidskonsep wys die weg tot respek en solidariteit tussen mense en volkere. 'n Monistiese ideologiese solidariteit is geen ware solidariteit nie, omdat dit lei tot uitsluiting van andersdenkendes. 'n Pluralistiese gemeenskap en 'n helder begrip vir vrye pluraliteit wys die weg tot solidariteit en het die moontlikheid van die vreedsame ko-eksistensie van verskillende nasies en gode, en van verskillende dogmas en opponerende filosofiese en politieke sisteme. Ek meen dat die wêreld dit kan leer, al is dit 'n langsame proses. Hiervoor is egter nuwe mense nodig met 'n nuwe lewenshouding wat die mens sal leer om in aansluiting by die vryheidsbegrip 'n pluralistiese wêreldgemeenskap te wil en deur eie verantwoordelike optrede te bevorder. So kweek ons respek vir mekaar en solidariteit wat op menslike vryheid en waardigheid baseer is.

Konsep van samebestaan

Derdens kan die konsep van ko-eksistensie in hierdie verband genoem word. Ko-eksistensie moet vrye ko-eksistensie wees om sy ware funksie te vervul. Hierdie vrye ko-eksistensie impliseer die aanvaarding van anders-

heid, die aanvaarding van die vryheid van die ander.

Iemand wat vryheid verwerklik, het respek vir die vryheid van die ander. Vryheid open so die weg om daadwerklik die ander self te aanvaar, en dan nie te aanvaar binne my ideologie nie, maar in sy vryheid wat ewe oorspronklik is as my vryheid. Die ander self moet nie net aanvaar word nie maar moet gewil en gerespekteer word in sy andersheid. Vryheid kan in dié verband gesien word as die houding waardeur een mens die ruimte vrymaak vir die ander mens om te eksisteer, d.w.s. om te ko-eksisteer. Hieruit blyk dat ons juis in die verwerkliking van vryheid respek kan verkry vir die andersheid van ander mense, ander kulture, ander tradisies, ander religies, ander politieke teorieë.

Ko-eksistensie kan nie bereik word as ek die ander ignoreer of bloot toereer nie. Bewuste aanvaarding en solidariteit is nodig. Hierdie moeilike opdrag word veral bemoeilik deur ideologiese denke wat berus op 'n onderbewuste misverstand van andersheid en so lei tot 'n negering van die menslikheid van die mens en miskening van pualiteit.

Om saam te vat; die Europese tradisie dui op die drie waardes van internasionale, vryheid en ko-eksistensie. Al drie hierdie waardes is egter nie sonder meer in die wêreld voorhande nie, maar slegs daar waar dit bewustelik en gedurig gekies en gekultiveer word. Om dit te verstaan en te bereik vereis van ons solidariteit met die wêreld-situasie en verantwoordelike betrokkenheid by die wêreld-gebeure. Anders vervel ons in isolasie, — 'n posisie wat nie net tot vereensaming lei nie, maar wat al hoe meer deur die moderne wêreld-ontwikkeling in die ongelijk gestel word. Laat ons as Europeane die Europese tradisie nie in die steek laat nie.

In 'n poging om helderheid te verkry oor die konsep van solidariteit het ek aandag geskenk aan die Europese bydrae in hierdie verband. Ek het relatief lank hierby stilgestaan omdat 'n filosofiese verstaan van isolasie en solidariteit nie on-histories behoort te wees nie. Miskien klink dit nou vreemd vir u dat ek nou wil oorgaan tot 'n bespreking van die bydrae van Karl Marx tot 'n begrip van isolasie en solidariteit. Rondom sy filosofie het die teorie en praktyk van die kommunisme ontstaan en as mens van die twintigste eeu moet u erus maak met 'n standpunt waaraan een derde van die wêreld-bevolking onderworpe is.

Die negentiende eeu lewer verskillende denkers op waarsonder die twintigste eeu moeilik verstaan kan word. Van die sogenaamde reduksie-filosofe dink ek bv. aan Nietzsche, Kierkegaard, Feuerbach en Marx. Karl Marx word getref deur die ekonomiese nood van die arbeider in die Europa van die 19e eeu. Hierdie nood is nie 'n toevallige verskynsel nie, maar is volgens hom inherent aan die heersende ekonomiese stelsel. Daarom kom hy hierteen in opstand in die naam van sosiale geregtigheid. Hy verklaar hom solidêr met die arbeiders en hulle saak en lewer 'n skerp kritiek op die kapitalistiese maatskappy wat met sy opium-godsdiens die arbeiders blinddoek t.o.v. die oorsaak van hulle eie smart. Hierdie solidariteit met die arbeider in sy nood, openbaar sig op verskillende wyses in sy filosofie. Ek wys op 'n paar punte.

Marx se solidariteit

(a) Marx se solidariteit met die arbeider beteken dat hy gesekulariseerd dink. Hy kritiseer die godsdiens omdat die godsdiens opium is wat die mens van volledige self-bewussyn weerhou. In die godsdiens kom God in die plek van die mens wat nog nie tot homself gekom het nie. God is 'n projeksie van

die verlange van die mens na geluk en volkomenheid wat hy nie in die kapitalistiese samelewing kan bereik nie. Die kapitaliste bestendig hierdie situasie en kan God gerieflik gebruik om die arbeider die ongeluk van sy situasie te laat aanvaar. In solidariteit met die arbeider vind hy dit nodig om hierdie God dood te verklaar. Die godsdiensstige staan met sy arms na die hemel gerig terwyl die gesekulariseerde Marx sy hande in die onreg van die myne insteek en die mense van sy selfvervreemding bewus maak.

(b) Marx se solidariteit met die arbeider beteken dat hy die weg open vir 'n vorm van internasionale denke. Sy oproep: „Arbeiders van die wêreld verenig julle”, staan in die teken hiervan. Reeds in 1843 beweer hy: „Ek skaam my om 'n Duitser te wees. Dié skaamte is 'n rewolusie. Skaamte is 'n soort toorn van die tot nadenke gekome mens.” Hy is teen die nasionalistiese wat hulle volk liefhet, maar sosiale ongeregtigheid toereer. In 1864 kom die gedagte van internasionale sterk na vore in die formulering van die konstitusie van die Internasionale Arbeids-Assosiasie. „Die IAA erken waarheid, reg en sedelikeheid as die grondslag van gedrag onder mekaar en teenoor alle medemense, sonder te let op kleur, belydenis en nasionaliteit”. Hier het ons blykbaar te doen met drie groot struikelblokke op die weg na solidariteit tussen mense.

(c) Marx se solidariteit met die arbeider beteken dat hy 'n groter waardering kry vir die mens en sy arbeid. Daarom kom telkens die gedagte na vore: „Arbeiders beywer julle nie slegs om die produksie-verhouding te verander nie, maar om julle self te verander”. Hierin sluit hy aan by die eksistensialistiese pleidooi van Nietzsche en Kierkegaard in die 19e eeu: Laat mense mense word! Daarom kom hy tot sy belangrike teorie van „Selbst-

selbstentfremdung” en die ideologie sal dit woerspieël en help bestendig. Ons moet onthou dat Marx bekommerd was om die mens en gehoop het dat die idee van kommuniteit die selfvervreemding sal ophef. Dit het hom nie gegaan om die verdeling van besit nie, maar om die menslikheid van die mens in sy arbeid en die oorwinning van sy isolasie veral in die arbeid. Binne die kommuniteitsgedagte sou die mens werk namens die geheel en die geheel besit namens die mens en op hierdie wyse het hy gehoop sal die mens sy selfvervreemding oorwin. Ek stem met Thielicke saam:

„Marx hatte ursprünglich eine ausgesprochen humanitäre Intention. Er wollte die menschenwürdige Situation der entrechteten Klasse beseitigen und trat zunächst in Namen Menschen auf.”)

Om by die moderne ideologie-begrip en die huidige situasie van die kommuniste te kom, moet ons die nuwe ontwikkeling veral by Stalin nagaan. By Marx gaan dit op grond van sy solidariteitskonsep om „die menschenwürdige Situation”. Stalin ontwikkel die gedagte dat die verhouding materiële onderbou en ideologiese howebou nie meer eenduidend is nie maar dialekties, en die ideologie kry so 'n eie magtigheid dat dit skeppend en vormend optree. So stel Stalin dit in *Marxismus und Fragen der Sprachwissenschaft*:

„Der Ueberbau wird von der Basis hervorgebracht, aber das bedeutet keineswegs, dass er die Basis lediglich widerspiegelt, dass er passiv, neutral ist. . . Im Gegenteil, einmal entstanden, wird er zu einer ganz gewaltigen Macht, hilft aktiv seiner Basis, feste Formen anzunehmen und sich zu konsolidieren, trifft er alle Massnahmen um der neuen Gesellschaftsordnung zu helfen, der alten Basis und den alten Klassen den Rest zu geben und sie zu beseitigen.”)

Op die vrsag of hierdie ideologie nie ook 'n valse bewussyn is nie, moet die antwoord lui, die ideologie van die proletariaat is geldig. Die party dink vir die proletariaat en nie vir eie voordeel nie en daarom is sy denke geldig. So word die party en sy ideologie almagtig en alles-oorheersend. Die K.P.S.U. stel hom ten doel om deur die ideologie almal en alles totaal te beheers.

entfremdung”, waarin hy die isolasie en vervreemding van die mens analiseer in sy tegniese arbeiders-situasie — 'n vervreemding wat ook die kapitalistiese heerser raak. Daar is min denkers wat so skerp die vervreemdings-situasie van die mens in die tegniese eeu ingesien het as Karl Marx. Hierdie isolasie kan slegs opgehef word deur die opheffing van apartheid tussen heerser en arbeider en deur die herstel van 'n menslike verhouding tussen mens en arbeid.

(d) Marx se solidariteit met die arbeider beteken dat hy 'n besondere ideologie-begrip ontwikkel. Ideologie is volgens hom die begeleidende teorie van 'n eksistensiële situasie. Die ideologie woerspieël die situasie en is sekondêr t.o.v. die maatskaplike situasie. So stel hy dit in sy „Vorwort zur Kritik der Politische Oekonomie”.

„Es ist nicht das Bewusstsein der Menschen, das ihr Sein bestimmt, sondern ihr gesellschaftliches Sein, das ihr Bewusstsein bestimmt.”)

Die mens se denke as howebou is sekondêr t.o.v. die maatskaplike situasie wat as onderbou primêr is. In die lig hiervan ken Marx spreek van 'n ideologie wat as valse bewussyn of as siek bewussyn 'n siek sosiale situasie woerspieël. Hierdie situasie is 'n situa-

Op hierdie wyse eindig 'n gedagte wat in solidariteit sy aanvang het in ideologiese denke wat die vyand van vryheid, menslikheid en solidariteit is, afgesien van watter soort ideologie dit is. Die oorspronklike opset en intensie van Marx moet egter nie ontken word nie. Hy was bewus van die vervreemding van die mens in 'n tegniese eeu en in 'n industriële kapitalistiese samelewing. Dit het hom daartoe gebring om in solidariteit met die arbeider hom bewus te maak van sy toestand en die weg tot bevryding aangewys. Die latere ontwikkeling toon egter dat Marx se menswaardige solidariteit omvorm is tot 'n solidariteit binne 'n ideologie waarin juis die mens nie tot sy reg kom nie.

En omdat die mens nie tot sy reg kom nie, het hierdie ideologie nog 'n belangrike resultaat n.l. dat dit die solitêre karakter van die mens nie oorwin nie. 'n Solitêre situasie word oorwin deur 'n solidêre situasie, maar laasgenoemde veronderstel dat die belangrikheid van mense ingesien word, dat mense opgevoed word tot selfstandige optrede en tot 'n insig in die betekenis van eie vryheid en vryheid van andere. En as Karl Marx 'n absolutistiese Godsbegrip as 'n gevaar

sien op die weg van die menswording tot menswaardigheid en in hierdie sin „ateïs” is, kan ons met hom saamstem. Indien hy egter self, en veral die Marxisme na hom, in die plek van 'n absolutistiese God 'n absolutistiese mens plaas of 'n absolutistiese ideologie of party dan moet ons beswaar aanteken omdat hy dieselfde fout begaan as dié wat hy beveg, en in beide gevalle word die vryheid van die mens gedepresieer.

V

In die voorafgaande analises het ek probeer aantoon op watter wyses solidariteit verstaan kan word in aansluiting by sekularisasie, by die Europese tradisie en by Karl Marx se bekommernis om die mens. Blanke die moderne mensbeskouing is daar verskillende aksente wat ook lig kan werp op ons probleem van isolasie en solidariteit. Ek dink bv. aan 'n rigting binne die moderne antropologie wat nadruklik 'n vorm van solidariteit stel as voorwaarde vir menslikheid en selfkennis.

Selfkennis deur kontak met ander mense

Die gedagte is dat waar die mens in kennis van objekte homself nie in 'n waagstuk begewe nie en daar geen wederkerigheid 'n rol speel in hierdie soort kennis nie, sy kennis van lewende subjekte wel 'n waagstuk is, wel wederkerigheid inhou, wel betrokkeheid impliseer, wel op 'n vorm van solidariteit wys. Dit geld ook vir die mens as subjek. Die mens leer homself ken in 'n eksistensiële situasie en die is 'n ko-eksistensiële situasie. Die mens leer homself ken in 'n moeisame proses, nie op solitêre wyse nie, maar op solidêre wyse, nie in afsondering nie maar in kontak met ander mense, nie in isolasie nie, maar in kommunikasie. Een van die voorstanders van hierdie denkwyses, Martin Buber, stel dit as volg: *Ich werde am Du*, waardeur hy die belangrikheid van medemenslikheid vir menslikheid en selfkennis stel. Die denke van Martin Buber toon baie raakpunte met ons probleem van isolasie en solidariteit. 'n Self-ingeslote mens is volgens hom nie iemand wat hom terugtrek uit die maatskappy nie, maar iemand wat tussen mense is (selfs gedurig tussen mense kan en wil wees) maar hulle nie werklik as mense ontmoet nie. In sy terminologie: die mens het nog nie tot 'n jy geword nie, maar funksioneer as 'n dit in die wêreld van die persoon. Op hierdie wyse het die persoon self ook nog nie tot ware menslikheid gekom nie, omdat hy die bevrugting van medemenslike ontmoeting ontbeert. Anders gestel: die mens word 'n mens deur mense.

Die mens bestaan nie in en op sigself nie. Die mens is ontmoeting. Ontmoeting skok ons uit ons subjektiwiteit, uit ons nog nie-mens-wees-nie. Solidariteit beteken in hierdie verband dat die mens uit homself gehaal word om mens te word. Dit beteken dat die mens buite homself wys en juis in die verwerking van hierdie eksentriese posisie werklik hy sy ware aard. In die lig hiervan kan die isolasie-fenomeen gestel word. Isolasië sou in hierdie verband beteken dat die mens in homself geslote bly en hierdie self-ingesloteheid dui daarop dat hy nog nie volwaardige mens is nie. Ook 'n volk of 'n gemeenskap wat in sigself opgesluit bly en nie eksentrieë betrokke is by ander volke en ander gemeenskappe nie, vervul nie sy eintlike funksie nie.

Ek-sentrisiteit, d.w.s. die vind van jou middelpunt nie in jouself nie, maar buite jouself, is volgens hierdie denke die moontlikheid van oorwinning van isolasie, en van die stigting van solidariteit tussen mens en mens, en tussen gemeenskap en gemeenskap, en tussen volk en volk.

Die eksistensialisme is o.a. daarvoor bekend dat dit die eensaamheid van die mens na vore bring. Dit weier om die eensaamheid van die mense op te hef deur hom on-menslik te laat terugval op sisteme of hom te laat opgaan in kollektiwiteit. Volgens die eksistensialisme kan die sisteem alleenlik die individu vermoor terwyl kollektiwiteit die eensaamheid verskerp. Isolasië kan

slegs deur egte kommunikasie oorwin word, maar dit is juis so moeilik want dit vereis solidariteit. Dit is interessant dat Sartre juis die eensaamheid en die onvermoë van die mens om werklik sy medemens te ontmoet, as hel tipeer. Om in die teenwoordigheid van die medemens te wees sonder dat 'n werklike ontmoeting plaasvind, is isolasie en is hel. So beklemtoon hy die belangrikheid van menslike ontmoeting deur die demoniese karakter van die mislukking van so'n ontmoeting na vore te bring. Isolasië staan dan nie slegs teenoor kommunikasie nie, maar isolasië word in die situasie van 'n mislukte kommunikasie tot hel. Deur die mislukte solidariteit as hel te tipeer, is hierdie eksistensialisme besig om op dialektiese wyse die belangrikheid van egte solidariteit te beklemtoon.

VI

Die wese van eksistensiële geloof

Die laaste voorbeeld wat ek aangee ten einde ons begrip van solidariteit te verruim, is die rigting wat aangedui word deur 'n eksistensiële geloof. T.o.v. hierdie geloof wil ek 'n paar opmerkinge waag.

1. Persoonlik meen ek dat geloof nie sy eintlike betekenis verkry wanneer dit verbind word met religie en godsdiens nie. Religie is die houding van die mens waardeur hy sy verlange na God so interpreteer dat hy 'n metafisiese wêreld-beeld ontwerp wat hom help om sy problematiese lewe op hierdie aarde sin te gee deur die konsep van 'n persoonlike siele-heil. Gewoonlik word die mens dan antropologies foutief waardeur as bestaande uit twee dele, waarvan die belangrikste deel, n.l. die siel, op weg is na 'n hoër bestaansvorm. Godsdiens sluit nou by hierdie opvatting aan en bestaan hoofsaaklik in die ontwerp van 'n rituele handeling wat 'n meer heilige karakter dra in teenstelling tot profaner alledaagse handeling. Ek meen dat geloof nie staan of val met 'n religieuse wêreld-beeld en/of met 'n godsdienstige rite nie. Geloof vind sy betekenis as korrelasie van die genade van God. In terme van ons tema beteken dit dat die geloof nie gesien moet word in terme van die metafisiese wêreldbeelde waarin geglo sou moes word nie, maar in terme van die solidariteit wat vereis word. Eers wanneer u besef dat alle mense uit genade leef, kan u solidariteit betoon.

2. Geloof skep solidariteit deur die oorwinning van die mens se romantiese verlange na God wat bokant die wêreld sou sit. Inkarnasie is 'n kritiek op hierdie romantiek. Die digter stel dit as volg:

Sinds Hij mens is geworden
rust de verplichting op ons
dat wij ons aan goden en machten
terwille der mense onthechten."
(Guillaume v. d. Graft)

As God mens kan word, kan die mens ook mense word. Geloof in God moet vertaal word in diens aan mense. En die getuigenis aangaande God moet vertaal word in terme van menslikheid. God toon Hom solidêr met ons. Ons moet ons solidêr toon met ons medemens. God is vir ons (die andere) daar in hierdie wêreld. Ons moet ook daar wees vir die ander in hierdie wêreld.

Vind u miskien u verhouding tot God belangrijker as u solidariteit met mense? Laat ek u 'n verhaal vertel.

„Es wird erzählt, ein gottbegeisterter Man sei einst aus den Bereichen der Geschöpflichkeit in die grosse Leere gegangen. Da wanderte er bis er an die Pforte des Geheimnisses kam. Er pochte. Von drinnen rief es ihn an: „Was willst du hier?“ „Ich habe“, sagte er, „den Ohren der Sterblichen dein Lob verkündet, aber sie waren mir taub. So komme ich zu dir, dass du selber mich vernimmst und mir erwidert.“ „Kehr um“, rief es von drinnen. „hier ist dir kein Ohr. In die Taubheit der Sterblichen habe ich mein Hören versenkt.““

3. Eksistensiële geloof beteken verder 'n vrymaking van ideologiese denke — ook Christelik-ideologiese denke.

Ideologiese denke bemoeilik politieke ontmoetinge sowel as religie-ontmoetinge, omdat die mens onderwerp word aan 'n idee. Geloof beteken in hierdie verband 'n oorwinning op die behoefte om 'n vooropgestelde heilsleer te hê waarbinne ontmoetinge moet funksioneer en 'n vooropgestelde begrippe-apparaat waarbinne gesprekke moet funksioneer. Geloof soek die woord wat leef en nie die woord wat ooreenstem nie. 'n Woord kan isolasie oorwin, maar dan moet dit 'n woord wees wat leef.

4. Geloof skep solidariteit omdat dit ons politieke vooroordele oorwin. Ook in ons politieke diskussies moet ons leef vanuit vergewing en genade wat aan alle mense geskenk word. Genade is nie die alleenreg en erfenis van Christene nie maar die daaglikse brood waaruit alle mense mag lewe, ook in die politiek. In die politiek moet u ook dien. Vermy egter diens in terme van u politieke vooroordele wat te alle tye verdedig moet word. Vermy 'n denkpatroon wat u opponent by voorbaat uitsluit. Maar vermy netso sterk 'n denkpatroon wat die opponent wel insluit maar alleenlik in terme van die eie belang en voordeel. Deur eksklusiewe denke sal die isolasie op politieke gebied al hoe meer versleg.

5. Eksistensiële geloof is solidariteit met die wêreld. Hierdie solidariteit met die wêreld kan sig openbaar as 'n onvoorwaardelike erkenning dat ek persoonlik, my volk en my kerk medeskuldig is aan die nood van die wêreld. So'n geloof beteken nie dat u moet wag tot die volk of kerk solidariteit met die wêreld toon nie. Die gelowige moet dit doen. Staat en kerk het die neiging om die wêreld te depresseer. Eksistensiële geloof vereis solidariteit wat buite staat en kerk om 'n onvoorwaardelike liefde vereis vir hierdie wêreld en sy moontlikhede. Solidariteit vereis van ons hierdie wêreld-sentriese denke wat juis so min tot sy reg kom vandag. Wêreld-sentriese denke relativer ons nasionalisme en ons kerk en wys die weg na 'n pluralistiese wêreld-gemeenskap waarin mense respek het vir mekaar en waarin verskillende kulture, tradisies en godsdienste kan koeksisteer.

Geloof beteken nie noodwendig dat u gedurig moet sê dat Jesus Christus die Verlosser van die wêreld is nie, maar dat u moet demonstreer in elke situasie dat God midde in hierdie wêreld (en nie aan sy grens nie) staan. 'n wêreld wat nie aan die Bose behoort nie, behalwe in soverre ons aan die opdrag tot solidariteit ontrou is. Te veel van ons leef nog vanuit die ou teologiese denkmodel dat die wêreld die ruïne is wat oorgebly het nadat God my siele-hell vir die hiernamaals waarborg het en so Sy kerk as teenstelling tot die wêreld gestig het. Binne so 'n denkwyses kan solidariteit nie tot sy reg kom nie. Dan dink ons soos alle ideologiese denke eksklusief i.p.v. inklusief.

6. Eksistensiële geloof verhoed ons om solidariteit as 'n sentimenteel-individualistiese aangeleentheid te sien tot uitskakeling van God se solidariteit met die wêreld en ons gemeenskaplike situasie daarin. Hierdie wêreld is God se wêreld en daarvan mag die kerk op sy manier getuig, maar alleenlik doodgewone mense. Soos u en ek, kan dit in die wêreld demonstreer. In menslike handeling word die wêreld tot wêreld. Solidariteit is geen vroom gevoel nie — in trant van: „How nice if everybody could love everybody”. Dit is 'n onvoorwaardelike liefde in die trant van die Russiese spreekwoord: „Hou van my omdat ek vuil is.” In ons gemeenskaplike vuilheid kan ons mekaar begin opsoek en so die wêreld help maak — 'n wêreld as menswaardige woonplek vir alle mense.

Om af te sluit. My opset in hierdie opstel was om aan u te toon dat die eis van solidariteit in oorwinning van isolasie op verskillende gebiede na vore tree. Eerstens, in aansluiting by die sekularisasie-fenomeen — (goderyk en ideëryk het geen betekenis meer vir die moderne mens nie); tweedens, in ons betrokkenheid by die Europese tradisie — (internasionaliteit, vryheid en ko-eksistensië is waardes wat ons

nie sommer kan loslaat nie); **derdens**, in ons konfrontasie met die kommunistiese problematiek — (die nood van die moderne arbeidende mens vra ons medewerking); **vierdens**, in ons kennisname van die moderne antropologie — (die funksie van die medemens is om ons te skok uit ons selfingesloteheid); **vyfde**, in ons eksistensiële belyding van 'n aardsgerigte geloof — (die oor van God is die doofheid van sterflike mense). Die solidariteitsvraag vir ons in aansluiting by hierdie analise, kan bv. wees: vir wie is ons hier — u in Suidwes en ek in Suid-Afrika? En verder: ondervind die mense daadwerklik dat ons hier is, en dat ons hier is t.w.v. hulle?

VII

Samevattende stelling

1. Ons gaan 'n nuwe eeu tegemoet wat 'n radikaal nuwe lewenshouding en 'n radikaal nuwe denke vereis. Belangrik vir hierdie houding is die volgende: sekularisasie, solidariteit, saaklikheid, menslikheid.
2. Sekularisasie toon aan hoe die moderne mens solitêr kan wees soos die mens van geen ander tyd nie, omdat die gesloteheid van die ongesekulariseerde wêreldbeelde. 'n mate van geborgenheid gegee het maar vir die moderne mens verlore is. Isolasië is moontlik en werklik op 'n groot skaal omdat die moderne mens afgesny is van sy religieuse metafisiese bindinge. Isolasië is moontlik en werklik omdat die soewereiniteit van nasionale state tot vraag gestel word. Isolasië is moontlik en werklik omdat ideologiese denke nie gemeenskap tussen mense kan stig nie. Isolasië is moontlik en werklik omdat religie en godsdiens onvermydelik weer grense trek en kontak tussen mense bemoeilik. Die houding wat isolasië kan oorwin, is die van solidariteit. Solidariteit staan teenoor 'n ontvlugting in 'n metafisiese wêreld. Solidariteit staan teenoor die gesloteheid van soewereine nasionale state. Solidariteit staan teenoor die isolasie van ideologieë. Solidariteit staan teenoor die apartheid van religie en godsdiens.
3. Sekularisasie is mondigwording van mens en wêreld. Dit skep die ruimte waarbinne ons isolasië kan verstaan en solidariteit met mens en wêreld as opdrag kan interpreteer.
4. Solidariteit is erns-making met die feit van isolasië. Dit is die houding van vrye betrokkenheid by 'n saak, die bewustelik en selfstandig solidêr stel met 'n situasie, die verantwoordelike aanname van die gedagte dat die mens nie net vir homself daar is nie, maar vir die ander.
5. Solidariteit word aangewys as nuwe lewenshouding binne die Europese besinning rondom internasionaliteit, vryheid en ko-eksistensië.
6. Solidariteit het as vyand ideologiese denke, omdat binne ideologiese denke die lewende mens aan 'n vooropgestelde sisteem konform gemaak word i.p.v. aanvaar te word in 'n onvoorspelbare situasie van ontmoeting.
7. Solidariteit word gesuggereer in dié rigting binne die moderne antropologie wat die situasie, relasie, ontmoeting, eksentrisiteit en medemenslikheid as belangrike struktuur van die mens aantoon.
8. Eksistensiële geloof is 'n transending van religie en godsdiens en skep so ook die ruimte vir solidariteit. Religie is hiernamaals gerig, geloof hiermaals. Godsdiens is die ritueel van 'n uitverkore groep en skep apartheid. Geloof deurbreek uitverkiesing en skep solidariteit.
9. Solidariteit leer die mens inklusiewe denke (genade?) i.p.v. eksklusiewe denke (uitverkorenheid?).
10. Die moderne mens het te staan gekom voor die belangrike keuse: solitêr of solidêr, isolasie of kommunikasie.

¹) Aangehaal deur H. Thielicke, *Theologische Ethik* II/2, (17).

²) *Ibid.*, p. 143. Voetnota.

³) *Ibid.*, p. 181.

⁴) M. Buber, *Dialogisches Leben*, 152.

Pinkster getuig egter dat die saamkom in verskillende kerkdienste geen skeiding beteken nie. Behalwe die verskil in taal is daar bowendien die verskil in die manier van Godsverering. Die swartes in Afrika vereer God in hulle kerkdienste op 'n ander wyse as die blankes. Wat volgens die wil van God veroordeel moet word is nie dat die swart Christen nie in die kerk van die blanke kom nie, maar dat hy nie daar mag kom nie omdat hy swart is.

Wanneer ons wat in Christus glo, in die kerk die ras nie van ondergeskikte betekenis ag nie, spreek dit vanself dat diegene buite die kerk dit nog baie minder doen. Vir diegene wat in die kerk rassediskriminasie nie bestry nie, verval elke noodsaak om dit buite die kerk te doen. Die ras word vir hulle die alles beheersende faktor. Erens in Afrika word vir die eerste keer 'n konferensie gehou van leiers uit alle kerke: blankes en nie-blankes het saam gekom. 'n Gebeurtenis. Maar in die konferensiesaal het blankes en nie-blankes apart gesit en as pouse aanbreek en tee word gedrink, gaan die blankes regs na 'n saal en die nie-blankes links na 'n saal. Aan iemand wat sy verwondering hieroor uitgespreek het, is gevra: „Is dit dan nodig om saam tee te drink, om in ons eenheid in Christus te glo?” Dié persoon antwoord toe: „As ons nie in staat is om ons eenheid sigbaar te beleef deur uit die een beker van die Nagmaal saam te drink nie, sal ons wel moet begin om saam tee te drink.” Later het hy homself gekorrigeer: „Om saam tee te drink, dit wil sê: om in die lewe van elke dag menslik met mekaar om te gaan, sal ons moet begin om saam te drink uit die een beker van die Nagmaal.” So word die verhouding in en buite die kerk suiwer gestel. Vanuit die werklikheid van die een Christelike Kerk gaan ons as Christene die wêreld in.

Die liturgie van God — liturgie beteken diens — vind nie alleen plaas op Sondag in die kerk nie, maar ook van Maandag tot Saterdag buite die kerk, in die wêreld. Vanuit ons gemeenskap in Christus sal ons alle rassediskriminasie in die lewe van elke dag as 'n werk van Christus veroordeel en bestry by onself en by ander, sal ons bepaalde rasbeskouinge wat hulself as wetenskaplik aandien, as gevaarlike mites moet ontmasker, sal ons alle moontlike feitlike wanbegrippe en misverstande ten opsigte van ras en rasverskille moet opruim, sal ons in die laaste plek die sielkundige agtergronde van die rasbesef moet ondersoek.

8. Politieke regte in 'n gemengde samelewing

In die veelrassige samelewing het die blanke kolonie telkens weer moeite om aan hulle nie-blankes medebewoners politieke regte en verantwoordelikhede toe te ken. Nou geld ongetwyfeld dat die hantering van politieke regte en verantwoordelikhede 'n bepaalde vlak van ontwikkeling veronderstel. Die beslissende vraag is of ons daarvan oortuig is dat die nie-blankes so spoedig moontlik op die vlak van ontwikkeling en beskawing behoort te kom waarop aan hulle hierdie regte en verantwoordelikhede toegeken moet word omdat dit hulle toekom. Die tweede vraag is of ons daarvan oortuig is dat dit by hierdie ontwikkeling en beskawing en by hierdie toekenning nie mag gaan volgens die stelreëls „by u, oor u, sonder u” nie, maar dat die nie-blanke hierby 'n eie en beslissende stem in die saak kry. Hierdie twee vrae is in wese een vraag: of ons daarvan oortuig is, dat ons meerderwaardigheidsgevoel op grond van ons ras en ons rassebewussyn met as konsekwensie ons verlange die meerderwaardigheid en die heerskappy van die blanke „ras” te handhaaf, verderflik is.

Die stryd tussen blankes en nie-blankes is 'n sosiale stryd, soos die stryd tussen die werkgewers en werknemers in die vorige eeu 'n sosiale stryd was. Natuurlik speel in hierdie stryd die klasse en die klasbewussyn 'n groot rol. 'n Mens kies kant op grond van die klas waartoe jy behoort. Daarom was die sosiale stryd 'n klassestryd.

Die RASSE-vraagstuk

Herderlike skrywe van die Generale Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk — November 1962.

DEEL 3 (Slot)

Die lewe van die kerk

Hierdie Bybelse insigte is beslissend vir die kerk. 'n Kerk waartoe nie-blankes geen toegang het nie, het op hierdie punt opgehou om Christelike Kerk, gemeente van Jesus Christus te wees. Aan Ghandi is aan die begin van hierdie eeu — hy was toe nog onbekend — toegang tot 'n Christelike Kerk ontsê omdat hy nie 'n blanke was nie. 'n Mens vra jousef af wat dit in die geskiedenis van die twintigste eeu beteken het. As ons so praat, wys ons die bestaan van verskillende kerkdienste nie af nie. Alleen reeds vanweë die verskil in taal is dit noodsaaklik dat verskillende kerkdienste gehou word. Elke volk moet in sy eie taal die groot werke van God hoor verkondig (Hand. 2 : 8).

As die sosiale stryd uitsluitend 'n klassestryd is, is dit egter 'n afskuwelike stryd omdat daar dan in die stryd iets van die noodlot sit.

In die loop van die jare het ons geleer om die sosiale stryd te sien as 'n stryd om reg en menslikheid, sodat dit moontlik geword het dat iemand wat aan die besittende klasse behoort, vir die proletariaat kant kies vanweë die reg en die menslikheid. Uit die aard van die saak speel die ras in die sosiale stryd tussen blank en nie-blank 'n groot rol.

Indien hierdie stryd egter uitsluitend 'n rassestryd is, is dit eweseer 'n noodlottige geval. Dan kies 'n mens kant op grond van die ras waartoe 'n mens behoort.

Ons sal moet leer om die stryd tussen blanke en nie-blank te sien as 'n stryd om reg en menslikheid. Sosiale teenstelling kan opgehef word. Maatskaplike verskille kan opgeruim word. Rasseverskille nie. Daarom is rassediskriminasie so 'n afskuwelike iets. 'n Mens word daardeur vir altyd vasgevaal op sy ras. Die blanke ras bly meerderwaardig, die nie-blanke minderwaardig. Tot aan die einde van dae. Van 'n wesenlike saam-leef kan geen sprake wees nie. Die verskil in ras maak saamlewe onmoontlik.

Apartheid is gebod, segregasie, skeiding. Asof die suiwer hou van die ras 'n eis van Godswêre sou wees 'n Nie-blanke getuig: „Wanneer die blanke sê: ons kan julle geen politieke regte gee nie, want julle is nog onbeskaaf, dan antwoord ons: u het gelyk, maar gee ons die tyd en ons sal leer om onself te wees en dan praat ons weer met mekaar. Maar wanneer die blanke sê: ons kan julle geen politieke regte gee nie, want julle is swart, dan is dit die laaste woord, om swart te wees is nou eenmaal ons lot waaraan ons nie kan ontkom nie.” Die sosiale, ekonomiese en politieke probleme word onoplosbaar wanneer dit tot rasseprobleem gemaak word. Dan is en bly die enigste moontlikheid rassediskriminasie. Swartes is en bly dan in die eerste plek swartes. 'n Mens kan dan spreek oor 'n ordening van God of oor 'n natuurwet, die resultaat bly dieselfde: aan die swartes word politieke regte en verantwoordelikhede ontsê, uitsluitend vanweë die feit dat hulle swart is.

9. Onlusgevoelens en skuldbesef

Hoewel die klein kind uit die aard van die saak geen rasbesef het nie, sien ons tog dat reeds in die eerste jare, onder invloed van die omgewing, ang vir die vreemde en 'n sondige neiging tot wilsoplegging (baba en baboe) ontstaan: 'n afwerende houding teenoor die mens van die ander ras.

Daar is stamme in wie se taal die woord „mens” dieselfde is as die naam van die eie stam. Die ander, die vreemdes, is geen mense nie. Hierdie afwerende houding reg hom teen die vreemde groep as geheel, nie teen die enkele mens nie, tensy die enkeling gesien word as verteenwoordiger van die groep. 'n Blanke negerhater in die suide van die Verenigde State kom goed klaar met sy neger motorbestuurder op wie hy besonder gesteld is:

„Tom? Oh, Tom is alright”, maar die negers deug nie. So kan iemand in Nederland sê: „Jode? Daar is voortrefflike mense onder hulle. Een van my beste vriende is 'n Jood, maar in die geheel gesien hou ek nie van hulle nie”.

Miskien het 'n Jood hom eenkeer bedrieg, of meen hy dat hy deur 'n Jood bedrieg is. Die baie kere dat hy deur 'n nie-Jood bedrieg is, tel hy nie. Maar in daardie een geval van 'n Jood word die groep daarvolgens geoordeel.

